## Vrouebewegings speel deurslaggewende rol in SA-demokrasie

**Caitlin Troup***

Wanneer ’n mens oor Suid-Afrika se oorgang na demokrasie dink, dink jy aan ’n stryd wat dekades lank geduur het, vryheidsvegters en die eerste demokratiese verkiesing in 1994. Waaraan ons nie dikwels dink nie – en wat die meeste geskiedenisboeke nie noem nie – is die uiters belangrike rol wat vroue en vrouebewegings gespeel het in die vorming van die demokratiese samelewing wat ons vandag geniet.

Vir solank as wat daar politieke bewegings in hierdie land was, was daar vrouebewegings. Interessant genoeg is dat die meerderheid politieke groepe sedert die totstandkoming van die eerste politieke organisasie in 1902, die een of ander soort vrouevereniging – soos die Vroueliga van die African National Congresss (ANC), ingesluit het.

Die vryheidstryd het in die vyftigerjare vaart gekry en vroue het onder die vaandel van die Federasie van Suid-Afrikaanse Vroue (FEDSAW) gemobiliseer. Hulle het die eerste Handves vir Vroue geskryf en in 1956 het 20 000 vroue na die Uniegebou opgeruk om beswaar te maak teen die onregverdige paswette. Bogenoemde vrouebeweging is as ’n geloofwaardige politieke organisasie erken en wanneer ons Vrouedag op 9 Augustus vier, moet ons erkenning daaraan gee dat vroue reg van die begin af aan die vryheidstryd deelgeneem het.

Regdeur die stryd vir demokrasie was vrouebewegings verbind tot die stryd vir nasionale bevryding asook vir die bevordering van vrouebelange, maar in die negentigerjare het dit duidelik geword dat die emansipasie van vroue geprioritiseer moes word anders sou dit nooit aangespreek word nie. Dit was dus nie ’n verrassing toe vroue buite hul politieke verbintenisse en formele politieke organisasies begin saamstaan het oor spesifieke kwessies nie.

Die Nasionale Vrouekoalisie (WNC) – ’n groep vroue van meer as 90 organisasies van verskillende rasse en politieke partye – is in 1990 gestig om te veg vir die insluiting van gendergelykheid as een van die vernaamste hoekstene van die nuwe Suid-Afrikaanse grondwet. Vroue is nie aanvanklik ingesluit by demokrasies onderhandelinge nie, maar die WNC en sy lede het geëis dat daar gehoor gegee word aan vroueregte en dat dit in die proses ingesluit word. Hulle het selfs sover gegaan as om te dreig om verkiesings te boikot en om hul ondersteuning op ’n kritieke tyd te onttrek.

Die boodskap was baie duidelik: Daar sou geen demokrasie en geen nasionale bevryding wees totdat die emansipasie van vroue ’n werklikheid word nie.

Die WNC se veldtog vir gendergelykheid deur die opstel van ’n Handves vir Vroueregte en hul ander inisiatiewe het tot die skepping van ’n nasionale gendermeganisme (NGM) gelei, wat die Kantoor van die Status van Vroue, geslagskantore in alle staatsdepartemente en die outonome Kommissie vir Geslagsgelykheid (KGG) ingesluit het. Omvattende wetgewing soos die Wet op Gesinsgeweld, die Wet op Onderhoud, die Wet op **E**rkenning van Gebruiklike Huwelike en die Wet op Keuse oor die Beëindiging van Swangerskap waarvoor feministiese aktiviste wat tot die parlement as leiers van die WNC toegetree het, hulself beywer het, is almal in die eerste vyf jaar van ons demokrasie aanvaar.

Strukture binne die NGM het van die begin te min hulpbronne ontvang, te min personeel gehad en daar was ’n gebrek aan leiers met die politieke wil om hulle te ondersteun en baie van die vordering het in die Zuma-regering verlore gegaan. Instellings is ontbind en deur ’n ministerie vir vroue, kinders en mense met gestremdhede vervang waar die fokus op vrouekwessies afgewater is en ministers wat aan Zuma lojaal was, is aangestel. Dieselfde ANC Vroueliga (ANCWL) wat in die negentigerjare gedreig het om verkiesings te boikot indien daar nie aan vroueregte gehoor gegee

word nie, het in 2015 aan ’n optog na die Uniegebou deelgeneem met die slagspreuk “Hands off our president” ter ondersteuning van Zuma wat van verkragting beskuldig is. Dit was ’n bewys dat die ANCWL niks meer as net nog ’n mondstuk vir die mans van die ANC geword het nie.

Ongelukkig was daar tot dusver nog geen verenigde beweging of oorkoepelende organisasie om vrouebelang te bevorder nie – slegs klein, gefragmenteerde organisasies wat teen mekaar meeding vir hulpbronne met ’n krimpende vermoë om die regering verantwoordbaar te hou. Die politieke wetenskaplike Amanda Gouws van die Universiteit Stellenbosch noem hulle “temporale gelokaliseerde bewegings” – korttermyn alliansies wat intensief mobiliseer op ’n manier om met die regering te kommunikeer oor spesifieke kwessies of wetgewing, maar wat verdwyn nadat hulle hul doelwitte bereik het.

Oor die afgelope twee dekades het ons gesien hoe die burgerlike samelewing se deelname aan demokrasie na direkte kollektiewe aksie verskuif. Dit is hoofsaaklik deur sosialemediaplatforms en die verskyning van aanlyn-hutsmerkveldtogte beïnvloed. In 2015 het die “#EndRapeCulture”-veldtog soos ’n veldbrand deur sosiale media versprei en was dit veral gewild op universiteitskampusse. In 2018 is die “#TotalShutdown”-veldtog geloods in reaksie op die kwessies rakende geslagsgebaseerde geweld (GGG) soos intieme “femicide” en seksuele geweld wat teen vroue gepleeg word.

In September 2019 het duisende Suid-Afrikaners buite die parlement byeengekom in ’n landwye protesaksie om GGG te veroordeel ná ’n vlaag wrede aanvalle op vroue en meisies gedurende Vrouemaand in Augustus 2019. Die “#AmINext”-veldtog het soos ’n veldbrand deur sosiale media versprei nadat verskeie voorvalle van geweld teen vroue, insluitende die verhaal van die 19-jarige student, Uyinene Mrwetyana, die nuus oorheers het.

Gedurende die anti-GGG-betogings het politici vroue se posisie erken, beloftes van “vinnige aksie” gemaak en genderafdelings by hul partye se manifeste gevoeg, maar hulle was nie so vinnig om wetgewing te formuleer en betekenisvolle veranderinge in werking te stel om die grondoorsake van geweld teen vroue in Suid-Afrika aan te spreek nie.

Ons het van die toename in gevalle van geweld teen vroue gedurende die COVID-19-staat van inperking gehoor, met verskeie verhale van vroue en meisies van regoor die land wat verkrag en vermoor wat aan die lig gekom het. Een van hierdie gruverhale was die moord op Tshegofatso Pule in Gauteng wat ten tye van die voorval agt maande swanger was. Die invloed van die Anti-GGG-betogings wat op sosiale media gehou is weens sosiale afstandskeppingsmaatreëls, was aansienlik minder as die massabetogings van 2019.

Die voortdurende mobilisasie van vroue op sosialemediaplatforms het ’n beweging wat op ’n enkele kwessie gefokus is, in staat gestel om betekenisvol aan demokrasie deel te neem. Aanhoudende kollektiewe aksie kan die katalisator vir die totstandkoming van ’n nuwe oorkoepelende beweging vir vroue wees met verteenwoordiging van die regering, met toegang tot NGM-instellings en die fasilitering van deelname aan besluitnemingsprosesse. Ons sien die ontluiking van ’n nuwe geslag vroue-aktiviste en feministe wat met ’n nuwe stel instrumente toegerus is om genderongelykheid af te breek en te verseker dat vroueregte gehoor word.

**Caitlin Troup is ’n senior navorser by S-RM Corporate Intelligence and Risk Consulting in Kaapstad. Hierdie artikel is gedeeltelik gegrond op haar onlangse meestersgraad in Internasionale Studies wat sy aan die Universiteit Stellenbosch behaal het.**